

# PRODUKSIETOESTANDE VERSLAG

**8 September 2026**

**Hierdie verslag word elke 2 weke opgedateer**

Gewas toestand
Crop Condition

Klimaat
Climate

Vergelyk
Compare

Opbrengs potensiaal
Production potential

Gewas opkoms
Greenup

Kaarte
Maps

Verslae
Report

# Indeks


1. 2026 HERSIENE OPPERVLAKTESKATTING EN EERSTE PRODUKSIESKATTING
2. DEFINISIES
3. OPSOMMING
4. MAANDELIKSE REËNVAL
5. MAANDELIKSE GRONDVOG INDEKS
6. GEWASOPKOMS
7. TOTALE REËNVAL TEENOOR DIE 5-JAAR GEMIDDELD
8. ARTIKELS: VERDIEPING IN DIE SWARTLAND


GSA GRAIN | GRAAN

# HERSIENE OPPERVLAKTESKATTING EN EERSTE PRODUKSIESKATTING

# VIR DIE 2026 PRODUKSIE SEISOEN

| **Gewas** | **Opp beplant 2026 Ha (A)** | **1ste Skatting 2026 Ton (B)** | Opp beplant 2025 Ha (C) | Finale oes 2025 Ton (D) | Verandering % (B)/(D) |
|---|---|---|---|---|---|
| **Kommersieël** | | | | | |
| Koring | **479 500** | **1 762 520** | 517 300 | 1 905 500 | -7,50% |
| Gars | **105 320** | **414 640** | 96 950 | 345 000 | 20,20% |
| Kanola | **194 390** | **359 860** | 174 515 | 306 000 | 17,60% |
| Hawer | **40 400** | **54 890** | 35 520 | 43 500 | 26,20% |
| Soetlupine | **20 000** | **18 000** | 21 000 | 17 850 | 0,80% |
| Totaal winter | **839 610** | **2 609 910** | 845 285 | 2 617 850 | -0,30% |

*Op 29 September sal die 2de produksieskatting, deur die Nasionale Oesskattingskomitee vrygestel word.*

***Bron: Oesskattingskomitee***

# Definisies

**Grondwaterindeks (GWI):**

Die GWI is 'n indikasie van die grondwaterpersentasie regdeur die groeiseisoen. Dit vergelyk drie periodes: die huidige seisoen, die vorige seisoen en die 5-jaar gemiddeld. Die 5-jaar gemiddeld dien as 'n basislyn wat tipiese grondwatertoestande aandui. **Vir die verslag is die maand Augustus gebruik om ’n akkurate beeld van die toestande in die Kaapse gebiede te verkry.**

**Groenblaarindeks (GLI)**

Die GLI is 'n indikasie van gewasgroei en -ontwikkeling deur die seisoen, met toestande oor die meeste winterreënvalstreke bo die 5 jaar gemiddelde.

**Gewastoestande**

Gewastoestande beskryf die algehele gesondheid en opbrengspotensiaal van gewasse, gebaseer op reënval, grondvog en omgewingsstresfaktore.

*Al die 2026/27 seisoen data is van 20 Maart tot 8 September 2026.*

# Opsomming

**Reënvalpatrone en -tendense**

Reënval was oor die algemeen wisselvallig tussen die drie streke. Die Swartland het byna geen reënval ontvang, terwyl die Overberg meer gemengde toestande ervaar het met sommige gebiede wat gunstige reënval ontvang het. Die Suid-Kaap het die gunstigste reënvaltoestande van die drie streke gehad. Verdere reënval sal veral in die Swartland belangrik wees om die droër toestande te verlig en gewasontwikkeling te ondersteun, maar daar is geen belowende reënvoorspellings huidig nie.

**Grondvogdinamika**


Grondvogtoestande verskil tussen die streke. Die Swartland bly baie droog en byna geen grondvog is beskikbaar nie. In die Suid-Kaap is grondvogtoestande meer gunstig in gebiede wat goeie reënval ontvang het, hoewel toestande steeds wisselvallig is. Die Overberg se grondvogtoestande is tans goed, maar het voldoende vog nodig om gewasontwikkeling te ondersteun. Voortgesette reënval sal egter belangrik wees in die maand van September om te oespotensiaal te verbeter op koring en gars.

**Gewasopkoms en -toestand**

Gewasontwikkeling is oor die algemeen bevredigend, hoewel die droë toestande in die Swartland toenemend druk op gewasse plaas. Aangeplante kanola in die Overberg en Suid-Kaap het reeds hul blomme verloor, terwyl laat aangeplante koring in die ooste van die Suid-Kaap in die aar is of naby is om in die aar te wees. Die Swartland het die grootste behoefte aan verdere reënval om die oorblywende opbrengspotensiaal wat verlore is as gevolg van die droogte te verminder.

GRAIN | GRAAN

# Maandelikse Reënval Aanduiding/Monthly Indicator Rainfall




***Al die data vir die 2026/27 seisoen is vanaf 20 Maart tot 8 September 2026***

**Suid-Kaap**

Reënval oor die Suid-Kaap was wisselvallig verlede die week. Reënbuie het wydverspreid geval in verskeie gebiede om waardevolle vog te voorsien en gewasse te ondersteun. In die George gebied is verlede week tussen 35-50 mm aangeteken en in Swellendam tussen 6-20 mm terwyl gebiede in die streek byna geen reën ontvang het nie. Verdere reënval sal voordelig wees om gunstige toestande te handhaaf namate gewasse in hul graanvulstadiums is.

**Swartland**


Reënval oor die Swartland was baie skaars gewees waar produsente terugvoer gelewer het dat hulle vir die maand van Augustus 8mm ontvang het en baie van hulle sê dit is die droogste Augustus sedert 1956. Enige reënval sal dan die skade wat reeds op die lande is se impak effens verlig, maar sal nie voldoende wees om die droë toestande ten volle te verlig nie.

**Overberg**

Reënval oor die Overberg was wisselvallig die afgelope week. In die streek was daar tussen 2,5-12 mm verlede week ontvang. Reënbuie is nodig in verskeie gebiede om waardevolle vog te voorsien en gewasse te ondersteun in hul finale graanvullingsfase.

**Reënval-aanduiding: Hierdie reënval-aanduiding is gebaseer op die periode vanaf Junie tot Augustus 2026. Deur slegs hierdie drie maande te gebruik, kan 'n meer akkurate langtermynvergelyking van die winterreënval gemaak word, terwyl die buitengewone hoë reënval en oorstromings wat gedurende Mei voorgekom het, uitgesluit word**

# Maandelikse Grondvog Indeks / Monthly Soil Water Index




GSA GRAIN / GRAAN

GEOTERRA IMAGE

*Al die data vir die 2026/27 seisoen is vanaf 20 Maart tot 8 September 2026*

**Suid-Kaap**

Grondvogtoestande is oor die algemeen gunstig in gebiede wat onlangs reënval ontvang het, hoewel toestande steeds tussen produksiegebiede wissel. Die onlangse reënval het gehelp om grondvogvlakke aan te vul en vogstremming in verskeie gebiede te verminder. Voortgesette reënval sal belangrik bly om voldoende vogvlakke gedurende die res van die groeiseisoen te handhaaf veral in die Ooste van die streek waar gewasse soos koring in sekere gebiede naby is om in die aar te wees.


**Swartland**

Grondvogtoestande bly laag regoor die streek. Huidig is daar byna geen grondvog nie. Die huidige toestande word al hoe meer sigbaar in gebiede waar gewasse die graanvulstadiums betree waar produsente sê dat hul gewasse besig is om dood te brand. Enige reënval sal die impak van die droogte effens beperk, maar skade is reeds gedoen op die lande.

**Overberg**

Grondvogtoestande is tans goed in verskeie gebiede, maar reënval sal voordelig wees in die maand van September. Die reënval sal vogbeskikbaarheid en die laaste gewasontwikkeling ondersteun,

# Gewasopkoms per Distrik / Crop Greenup per District




*Al die data vir die 2026/27 seisoen is vanaf 20 Maart tot 8 September 2026*

**Suid-Kaap**

Gewasgroei en -ontwikkeling het begin afneem namate die kanola hul blomme verloor en naby is om gesny te word. Enige reënval sal die laaste grane se graanvulling ondersteun. Die verskille in gewasontwikkeling is sigbaar afhangende van die plantdatum en plaaslike reënvaltoestande. Produsente is reeds besig om hul laaste bespuitings te voltooi op hul kanola.


**Swartland**

Gewasgroei en -ontwikkeling is beperk deur die langdurige droë toestande. Vroeë aangeplante gewasse toon oor die algemeen groter veerkragtigheid, terwyl later aangeplante gewasse meer onder druk verkeer namate die seisoen vorder. Gewasontwikkeling bly afhanklik van die beskikbaarheid van verdere reënval om die impak van die droogte se verlore potensiaal op die lande te beperk.


**Overberg**

Gewasgroei en -ontwikkeling bly hoog regoor die streek alhoewel die kanola reeds hul blomme verloor het, koring en gars besig is om die graan se vul. Enige reënval sal veroorsaak dat die grane beter sal vul. Die laaste bespuitings is besig om plaas te vind op die grane.

## Totale Reënval/Total Rainfall




## Seisoen reënval afwyking/Season rainfall deviation




**Al die data vir die 2026/27 seisoen is vanaf 20 Maart tot 8 September 2026*

**Om die totale impak op die Swartland te verduidelik, volg hieronder ’n lys van die verskillende artikels wat onlangs vrygestel is. Klik op die prentjies hieronder om die onderskeie artikels te lees.**



**Swartland se Koringprodusente in die Moeilikheid: Produsente kan nie Klimaatrisiko alleen dra nie- *Graan SA***



Ter illustrasie.

**Foto: Alani Janeke**

**Someroes dalk rekord, maar winteroes minder belowend- *Landbou.com***



Koel, mistige dae en die enkele millimeter reën wat op 6 Augustus geval het, het boere hoop gegee, maar dit kon nie die skade van ’n droë Julie en Augustus tot niet maak nie.

**Foto: Amelia Genis**

**Swartland: Tot ’n derde van oespotensiaal reeds verlore – *Landbou.com***

**Tydens NAMPO Kaap (9-12 September 2026) gaan daar Woendag 9 September ‘n paneelbespreking oor die huidige winsgewendheid van die koringbedryf aanbied word. Die bespreking sal fokus op die ekonomiese realiteite en uitdagings wat tans deur koringprodusente in die gesig gestaar word, asook die faktore wat die volhoubaarheid van die bedryf beïnvloed. Donderdag, 10 September gaan Graan SA sal vervolgens met finansiers en landboumaatskappye in gesprek tree, met ’n spesifieke fokus op die uitdagende omstandighede in die Swartland. Die doel van hierdie gesprek is om samewerking tussen rolspelers in die landbouwaardeketting te versterk en moontlike oplossings te identifiseer om produsente en hul ondernemings deur die huidige uitdagings te ondersteun.**

# DANKIE!

---

**Vir enige navrae:**

**Graan SA**

Cathrine@grainsa.co.za/Gerrit@grainsa.co.za/ Marguerite@grainsa.co.za

**Vrywaring**: Die inligting hierin is verkry uit verskeie bronne, waarvan Graan SA nie die akkuraatheid en/of volledigheid waarborg nie en waarvoor Graan SA geen aanspreeklikheid aanvaar nie. Enige pryse of vlakke hierin vervat is voorlopig en slegs aanduidend en verteenwoordig nie biedings of aanbiedinge nie. Hierdie aanduidings word slegs vir u inligting en oorweging verskaf.

GRAIN | GRAAN